Titel: Meedoënlose Liefde
Pastor: Fred May
Datum: 21 November 2010
Tyd: 09:00

shofar

**Jeremia 31:3 OV**
3 Die HERE het aan my verskyn uit die verte: Ja, Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde; daarom het Ek jou getrek met goedertierenheid.

A: 1. 'n GOD genaamd liefde

**I Johannes 4:16 NV**
16 En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom.

2. Kosmiese verborgenheid – die keuse vir mense

**Efesiërs 3:9a, 10 NV**
9 Ek moet aan almal bekend maak hoe God, die Skepper van alle dinge, nou sy verborge plan
uitvoer... 10 Maar nou het God die ryke verskeidenheid van sy wysheid deur die kerk bekend
laat word aan elke mag en gesag in die hemelruim.

3. Kwesbaar vir verklapte geheime en harte wat afdwaal

- *Jehovah Qana* – oorweldigend begerig, beskermend, besitlik, jaloers

**Eksodus 20:5a**
5 Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God ...

**Eksodus 34:14 OV**
14 Want jy mag jou nie neerbuig voor 'n ander god nie; want die HERE se Naam is Jaloers — 'n jaloerse God is Hy.

**Jakobus 4:5 OV**
5 Of meen julle dat die Skrif tevergeefs sê: Met jaloersheid begeer die Gees wat in ons woon?

4. Simpatieke skepping

**Deuteronomium 4:24 OV**
24 Want die HERE jou God is 'n verterende vuur, 'n jaloerse God.

**Psalm 104:4, 6-7, 29a NKJV**
4 Who makes His angels spirits, His ministers a flame of fire.
6 You covered it with the deep as with a garment; the waters stood above the mountains. 7 At
Your rebuke they fled; at the voice of Your thunder they hastened away.
29 You hide Your face, they are troubled...

**Mattheus 27:46, 50-51 NV**
46 Teen drie-uur het Jesus hard uitgeroep: "Eli, Eli, lemá sabagtani?" Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?
50 Jesus het weer hard uitgeroep en die laaste asem uitgeblaas.
51 Op daardie oomblik het die voorhangsel van die tempel van bo tot onder middeldeur geskeur. Die aarde het geskud, en die rotse het uitmekaar gebars.

### Hebreërs 12:26, 29
[26] Destyds het sy stem die aarde laat wankel, maar nou het Hy aangekondig: "Nog een maal sal Ek nie alleen die aarde laat bewe nie, maar ook die hemel."
[29] want ons God is 'n verterende vuur.

### Joël 2:28-32 OV
[28] En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer,
julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien. [29] En ook op die diensknegte en op
die diensmaagde sal Ek in dié dae my Gees uitgiet. [30] En Ek sal wondertekens gee aan die
hemel en op die aarde: bloed en vuur en rookpilare. [31] Die son sal verander word in duisternis
en die maan in bloed, voordat die groot en deurlugtige dag van die HERE kom. [32] En elkeen
wat die Naam van die HERE aanroep, sal gered word; want op die berg Sion en in Jerusalem
sal daar ontkoming wees soos die HERE gesê het, en onder die vrygeraaktes die wat die
HERE sal roep.

5. Aanbid in Gees en waarheid

### Johannes 4:24 NV
[24] God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid.

### Hebreërs 4:12 NV
[12] Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart.

B. Leer deur nabootsing

### Efesiërs 5:1-2a NKJV
[1] Therefore be imitators of God as dear children. [2] And walk in love...

1. 'Sien' God in Christus

### I Korinthiërs 13:4-7 NV
[4] Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig
nie, is nie verwaand nie. [5] Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie
liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. [6] Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar
verheug hom oor die waarheid. [7] Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.

2. 'Ken' deur gedeelde ervaring

### Efesiërs 3:14-15 NASB
[14] For this reason I bow my knees before the Father, [15] from whom every family in heaven and on earth derives its name

### Efesiërs 3:18-19 OV
[18] en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte
en lengte en diepte en hoogte is, [19] en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref,
sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God.

3. Oorkom:

- 'Skeidingsangs'

### Romeine 8:35, 38, 39 NV
[35] Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging,
honger of naaktheid, gevaar of swaard? [38] Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of
engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte [39] of hoogte of diepte of

enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

- Vrees vir straf

I Johannes 4:18 NV
[18] Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie.

4. Omvat liefde se 'uitspattige afmetings'

Efesiërs 3:18 NV
[18] Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek.

Efesiërs 3:18 The Message
And I ask him that with both feet planted firmly on love, you'll be able to take in with all followers of Jesus the extravagant dimensions of Christ's love.

- Kryger

Sefanja 3:17 NV
[17] Die Here jou God is by jou, Hy, die krygsman wat red. Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou:

Zephaniah 3:17 NASB
[17] The LORD your God is in your midst, a victorious warrior. He will exult over you with joy, He will be quiet in His love, He will rejoice over you with shouts of joy.

- Vader

Hebreërs 12:5-10
[5] Julle het ook vergeet van die aanmoediging wat tot julle as kinders van God gerig word: "My kind, moet dit nie gering ag as die Here jou tug nie en moenie mismoedig word as Hy jou teregwys nie, [6] want die Here tug hom wat Hy liefhet, Hy straf elkeen wat Hy as kind aanneem." [7] Verdra die tug as opvoeding, want God behandel julle as sy kinders. Is daar miskien 'n kind wat nie deur sy vader getug word nie? [8] As julle nie getug word soos al die ander nie, dan is julle nie werklik sy kinders nie. [9] Verder, ons het ons aardse vaders gehad wat ons getug het, en ons het vir hulle eerbied gehad. Sal ons ons nie nog des te meer aan die hemelse Vader onderwerp en lewe nie? [10] Ons vaders het ons wel 'n kort tydjie na hulle goeddunke getug, maar Hy tug ons tot ons beswil sodat ons in sy heiligheid mag deel.

- Moeder

Mattheus 23:37 NV
[37] O Jerusalem, Jerusalem! Jy wat die profete doodmaak en die boodskappers stenig wat na jou toe gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak, maar julle wou nie!

Psalm 131:2 OV
[2] Waarlik, ek het my siel tot bedaring gebring en stilgemaak; soos 'n gespeende kind by sy moeder, soos 'n gespeende kind is my siel in my.

Jesaja 66:13 OV
[13] Soos iemand wat deur sy moeder getroos word, so sal Ek julle troos; en julle sal in Jerusalem getroos word.

- Eggenoot

**Jesaja 54:5 NV**
[5] Hy wat jou gemaak het, is jou man, sy Naam is die Here die Almagtige. Die Heilige van Israel is jou Verlosser; Hy word die God van die hele wêreld genoem.

**Esegiël 16:8 OV**
[8] En Ek het by jou verbygegaan en jou gesien, en kyk, jou tyd was die tyd van liefde. Toe het Ek my vleuel oor jou uitgesprei en jou naaktheid toegedek. Ja, Ek het vir jou gesweer en met jou 'n verbond aangegaan, spreek die Here HERE, en jy het myne geword.

- Vriend

**Spreuke 18:24 NV**
[24] Maats kan jou breek, maar daar kan ook 'n vriend wees wat nader is as 'n broer.

**Psalm 25:14 NV**
[14] Die Here neem dié wat Hom dien, in sy vertroue en maak sy verbond aan hulle bekend.

**Psalm 25:14 RSV**
[14] The friendship of the LORD is for those who fear him, and he makes known to them his covenant.

**Johannes 15:15 NV**
[15] Ek noem julle nie meer ondergeskiktes nie, want 'n ondergeskikte weet nie wat sy baas doen nie. Nee, Ek noem julle vriende, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het.

- Broer / sibbe

**Romeine 8:29 NV**
… baie broers … van wie Hy die Eerste is.

5. Groei in gepaste liefde

**Filippense 1:9-11 NV**
[9] Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, [10] sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees, [11] en deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer.

**Philippians 1:9-11 The Message**
So this is my prayer: that your love will flourish and that you will not only love much but well. Learn to love appropriately. You need to use your head and test your feelings so that your love is sincere and intelligent, not sentimental gush. Live a lover's life, circumspect and exemplary, a life Jesus will be proud of: bountiful in fruits from the soul, making Jesus Christ attractive to all, getting everyone involved in the glory and praise of God.